SimpleStudy®

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2017

## GRAAD 10

**EKONOMIE**
**VRAESTEL 2**

# MEMORANDUM

**11 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(Vraestel 2)**

**MEMORANDUM**

---

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 B✓✓ Globale

1.1.2 A✓✓ Begroting

1.1.3 D✓✓ Inkomstebelasting

1.1.4 A ✓✓ Subsidies

1.1.5 D✓✓ Nut

(5 x 2) (10)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 D✓ ʼn Enkele verskaffer van goedere en dienste aan die mark

1.2.2 E✓ Die maksimum bedrag wat ʼn verbruiker bereid is om te betaal vir goedere en dienste

1.2.3 A✓ Kompromis tussen twee produkte

1.2.4 C✓ ʼn Situasie waar huidige kombinasie goedere en dienste nie maksimum bevrediging verskaf nie

1.2.5 B✓ ʼn Indirekte belasting wat regering hef op produkte wat nadelig is vir die verbruiker

1.2.6 G✓ ʼn Paar verskaffers van ʼn goed of diens aan die mark (6 x 1) (6)

### 1.3 KONSEPTE

1.3.1 Onverskilligheidskurwe/Vraagkurwe✓

1.3.2 Substituutgoedere✓

1.3.3 Vloerpryse✓

1.3.4 Produksiemoontlikheidskurwe✓

(4 x 1) (4)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**AFDELING B**

Beantwoord slegs EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MIKROEKONOMIE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem enige TWEE beleide wat die staat kan gebruik om markte te reguleer.**

- Reguleer pryse✓
- Moedig kompetisie aan✓
- Reguleer groei van markkragte✓

Enige (2 x 1) (2)

2.1.2 **Wat is die effek van skaars hulpbronne op produsente?**

- Verplig produsente om besluite te neem oor hoe om produksiefaktore spaarsamig te gebruik. ✓✓

(1 x 2) (2)

2.2 **Datarespons**

2.2.1 **Verduidelik die konsep maksimum prys*.***

Wanneer die staat ingryp in die markte en wette daarstel wat verskaffer verhoed om pryse meer as die maksimum prys te vra✓✓ (2)

2.2.2 **Gee TWEE voorbeelde van metodes wat die Suid-Afrikaanse regering gebruik word om markpryse te beinvloed.**

- Direkte metode✓
- Indirekte metode✓
- Minimum pryse✓
- Maksimum pryse✓
- Minimum lone ✓

(2 x 1) (2)

2.2.3 **Wat is die impak van maksimumpryse op sekere goedere en dienste?**

- Ontwikkeling van Swartmark vir die verkope van dieselfde produkte✓✓
- Die aanbod van die produk sal afneem / Tekort aan produkte aangebied✓✓ (2)

2.2.4 **Differensieer tussen *hoeveelheid gevra* en *hoeveelheid aangebied*.**

- Hoeveelheid aangebied is die hoeveelheid produkte wat te koop aangebied word teen 'n sekere prys.✓✓
- Hoeveelheid gevra is die totale produkte wat gekoop gaan word teen 'n spesifieke prys. ✓✓ (4)

2.3 **Datarespons**

2.3.1 **Verduidelik die konsep ‘ekwilibriumprys.’**

Prys waar hoeveelheid gevra en hoeveelheid aangebied dieselfde (gelyk) is. ✓✓ (1 x 2) (2)

2.3.2 **Bepaal die ekwilibriumprys vanaf die tabel.**

Equilibriumprys is R400.00✓ (1)


2.3.3 **Watter markstruktuur word deur die bogenoemde tabel uitgebeeld?**

Perfekte (volmaakte) mark ✓✓ (2)

2.3.4 **Gebruik die bogenoemde tabel en teken Vraag en Aanbodkurwes op dieselfde grafiek en dui ekwilibriumpunt duidelik aan.**

**Vraag en Aanbod van Bande**✓

**Prys**✓




**Hoeveelheid gevra en aangebied**✓

PUNTETOEKENNING VIR GRAFIEK
- Hoofopskrif 1 punt
- Benoeming van asse 1 punt
- Ewewigspunt 1 punt
- Vraagkurwe 1 punt
- Aanbodkurwe 1 punt

TOTALE PUNTE: 5

2.4 Bespreek kortliks vier eienskappe wat kenmerke van ŉ onvolmaakte mark is.

- Daar is min verkopers ✓
- Hierdie produsente het ŉ direkte invloed op die prys van die produk. ✓✓
- Hulle word nie deur mededingers teruggehou nie en is in staat om die prys te beinvloed. ✓✓
- Die produsente van die goedere en dienste kan die pryse vasstel en die kopers is nie in staat om die pryse op enige beduidende manier te beding of te beinvloed nie. ✓✓

Heterogene produkte✓
- Die produkte in die mark verskil aansienlik van mekaar en verbruikers soek ŉ spesifieke gehalte van elke produk. ✓✓
- Die verkoper verskaf goedere of dienste wat nie soortgelyke plaasvervangers het nie. ✓✓

Onvolmaakte inligting✓
- Dit is moeilik, en soms self onmoontlik, vir kopers om te vind wat al die pryse van daardie produk binne die mark is. ✓✓

Ander verkopers word verhoed om die mark te betree✓
- Die verkoper word dus teen mededinging beskerm deur middel van patente, die beheer van hulpbronne en regeringsbeperkings. ✓✓
- Daar is baie onvolmaakte markte waarmee ons elke dag te doen kry bv. Telkom, Eskom, rekenaarvervaardigers en selfoonmaatskappye. ✓

Enige (4 x 2) (8)

2.5 **Motiveer waarom die regering minimum pryse in die mark implimenteer.**

- Die regering meng in die mark om pryse van goedere of dienste vas te stel. ✓✓
- Deur ŉ minimum prys of vloer prys vas te stel. ✓✓
- Die doel is om konstante aanbod van goedere of dienste te verseker ✓✓
- Produseerders mag dit moeilik vind om ŉ profyt (wins)te maak. ✓✓
- Om effektief te wees sal die minimum prys bo die ewewigsprys (markprys) gestel word. ✓✓

Enige ( 4 x 2) (8)
**[40]**

**VRAAG 3 MIKROEKONOMIE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae

3.1.1 **Noem enige TWEE mikroekonomiese vraagstukke soos geillustreer deur die produksiemoontlikheidskurwe.**

- Skaarsheid✓
- Keuse✓
- Geleentheidskoste✓

(Enige 2 x 1) (2)

3.1.2 **Verduidelik die term marginale nut.**

Die ekstra bevrediging verkry deur ’n ekstra eenheid van ’n produk te verbruik op ’n spesifieke tyd✓✓ (1 x 2) (2)

3.2.

3.2.1 **Wat is die hoofbron van staatsinkomste?**

Belasting (1)

3.2.2 **Noem EEN voorbeeld van ’n produk waarop die regering nié BTW hef nie.**

Groente✓
Melk✓
Eiers✓
Brood✓ (1)

3.2.3 **Wat is die effek van belasting op die prys van goedere en dienste?**

Belasting verhoog die prys van goedere en dienste✓✓ (1 x 2) (2)

3.2.4 **Wat is die doelwit met die implementering van ‘sondebelasting’?**

Om die verbruik van sekere produkte te verminder.✓✓ (1 x 2) (2)

3.2.5 **Hoekom dink jy hef die regering indirekte belasting op ingevoerde goedere?**

Vermindering van besteding op ingevoerde goedere✓✓/
beskerming van plaaslike besighede ✓✓

(2 x 2) (4)

3.3 **Datarespons**

3.3.1 **Verduidelik die term Indifferensiekurwe.**

Toon alle kombinasies van twee produkte wat gelyke vlakke van bevrediging of nut aan die verbruiker sal verskaf ✓✓ (1 x 2) (2)

3.3.2 **Waarom het Indifferensiekurwes ŉ negatiewe helling?**

Die negatiewe helling is die gevolg van keuses tussen twee produkte, ŉ toename (styging) in die een produk veroorsaak ŉ afname (daling) in die ander. ✓✓ (1 x 2) (2)

3.3.3 **Verduidelik die wet van substitusieprodukte?**

Hoe skaarser ŉ produk hoe hoër is sy substitusiewaarde✓✓ / Hoe minder ŉ sekere produk beskikbaar is hoe groter is sy substitusiewaarde. (1 x 2) (2)

3.3.4 **Waarom maak die verbruiker keuses tussen alternatiewe produkte?**

Die hulpbronne wat verbruikers het is beperk, daarom kan verbruikers nie alles wat hulle nodig het bekostig nie.✓✓ (1 x 2) (2)

3.3.5 **Wat dui steil helling in die indifferensiekurwe aan?**

Dit dui op ŉ groter gewilligheid om een produk op te gee vir ŉ ander produk✓✓ (1 x 2) (2)

3.4 **Bespreek kortliks die samestelling van markte.**

Markte bestaan uit
- Deelnemers: ✓ Daar is kopers en verkopers ✓✓
- Kommunikasie✓ wat direk- persoon tot persoon- of indirek- telefoonoproep, e-pos kan wees✓✓
- Kommoditeite✓- produkte wat op ŉ mark verhandel kan word✓✓
- Ligging✓- kan plaaslik, streek, nasionaal of internasionaal wees ✓✓ (4 x 2) (8)

3.5 **Na jou mening, wat word deur die produksiemoontlikheidskurwe voorgestel?**

Produksiemoontlikheidskurwe wys op die volgende
- Dui maksimum moontlike uitsetkombinasies tussen twee produkte, indien alle hulpbronne optimaal benut word.✓✓
- Dui verband tussen skaarsheid en keuse aan✓✓
- Die produksiemoontlikheidskurwe toon geleentheidskoste✓✓
- Dui aan dat sekere kombinasies nie bereik kan word met die beskikbare bronne nie✓✓
- Toon ondoeltreffendheid van hulpbron gebruik✓✓ (Enige 4 x 2) (8)

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C**

Beantwoord slegs een van die volgende twee vrae in hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK. Jou antwoorde sal soos volg nagesien word

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL: | PUNTE-TOEGEWYS |
|---|---|
| **INLEIDING**<br><br>Die inleiding is ʼn laer-orde respons.<br>• ʼn Goeie uitgangspunt sou wees om die hoofkonsep te bepaal wat verband hou met die onderwerp van die vraag.<br>• Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding in die hoofgedeelte van jou opstel insluit nie.<br>• Waak daarteen om in die inleiding te sê wat in die hoofgedeelte bespreek gaan word. | Maks. 2 |
| **HOOFGEDEELTE**<br>Bespreek in detail / Indiepte bespreking / Vergelyk / Ontleed / Kritiese bespreking / Evalueer / Onderskei / Verduidelik / Assesseer / Debatteer. | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte**<br>Gee eie opinie / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Teken grafieke / Verduidelik / Gebruik grafiek en Verduidelik / Voltooi gegewe grafiek / Bereken / Lei af / vergelyk / Verduidelik / Ontleed / Debateer kortliks / argumenteer / Debateer / Hoe? | Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige relevante hoërorde gevolgtrekking<br>• Kort samevatting<br>• Opinie of waarde oordeel<br>• Addisionele ondersteunende inligting<br>• Teenstrydige oogpunt<br>Aanbeveling | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 4**

**“Produksie doeltreffendheid is bereik wanneer dit onmoontlik is om deur die hertoewysing van skaars hulpbronne meer van een produk te produseer sonder om minder van ’n ander produk te produseer.”**

- **Na aanleiding van bogenoemde stelling bespreek redes vir produksie ondoeltreffendheid. (26)**
- **Na jou mening wat is die gevolge van ondoeltreffendheid? (10)**

**[40]**

**Inleiding**

’n Ekonomie bereik produktiewe doeltreffendheid wanneer alle hulpbronne effektief en produktief aangewend om hoogste uitset teen laagste koste te bereik.

**HOOFGEDEELTE**

**Redes vir ondoeltreffendheid**

**Gebrekkige werksgeleenthede:**✓ Indien baie mense werkloos is, word arbeid nie optimaal benut nie met die gevolg daar is produktiewe ondoeltreffendheid✓✓

**Stadige ekonomiese ontwikkeling:**✓ Kan wees as gevolg van ongebruikte landbou grond, nie-ontginde minerale✓✓

**Swak sakebestuur:**✓nie optimale gebruik van masjienkapasiteit,vermorsing van hulpbronne,✓Gebruik gekwalifiseerde arbeid onproduktief, ondoeltreffende beheer oor hulpbronne✓✓

**Onvoldoende menslike hulpbron ontwikkeling:**✓Gebrek aan opleiding, gebrek aan motivering lei tot swak produktiwiteit✓✓

**Onvoldoende navorsing en ontwikkeling in vervaardingsektor:**✓
Nuwe produktiewe tegnologie navorsing✓✓

**Uitbuiting van verbruikers:**✓
Hoë pryse en swak kwaliteit produkte✓✓
/ Ondoeltreffende regeringsbeleid en administrasie✓
Implimentering van beleid wat nie werk nie✓✓

**Swak infrastruktuur:**✓
Onvoldoende infrastruktuur en nie instandhouding daarvan✓✓

(Maks 26)

**ADDISIONELE DEEL**

**Gevolge van ondoeltreffendheid**

- Produseer minder as die vraag na goedere en nie regte kwaliteit volgens verbruikers voorkeure nie✓✓
- Vermorsing van skaars hulpbronne✓✓
- Minder produkte aangebied teen laer kwaliteit en hoër pryse✓✓
- Lewensstandaard daal tot onder land se potensiaal✓✓
- Gemarginaliseerde groepe kry swaar✓✓

(Maks 10)

**Slot**

Doeltreffendheid is belangrik vir welsyn van verbruikers want hulle sal skaars bronne bestee om hoogste bevrediging te verkry vir hulle besteding✓✓
(Aanvaar enige relevante slot.)

**VRAAG 5**

**"Subsidies is 'n vorm van staatsinmenging in die markte."**

- **Bespreeek die redes waarom die regering gebruik maak van subsidiebetalings. (26)**
- **In jou opinie, wie moet subsidies ontvang? Verskaf redes vir jou antwoord. (10)**

**[40]**

**Inleiding**

Subsidies kan direk betaal word aan produsente bv. rentevrye lening. Dit kan ook indirek wees bv. korting op huur betaal✓✓
(Aanvaar enige ander relevante inleiding.)

**HOOFGEDEELTE**

**Hoekom betaal regering subsidies**

**Dit moedig✓ produsente aan om meer van 'n spesifieke produk te lewer✓**
Kan die afname in aanbod van 'n noodsaaklike produk voorkom,✓✓ bv. Mielies✓
Help produsente wanneer markpryse laag is✓✓
Maak produk meer bekostigbaar vir die verbruiker✓✓

**Help nuwe nywerhede om meer mededingend te wees✓ en 'n aandeel in die mark te kry✓** Verbetering in betalingsbalans✓✓ Skep meer werksgeleenthede✓✓

**Werkskepping✓** Indiensnemingssubsidies help met die skepping van werksgeleenthede en so word werkloosheid verminder,✓✓ Bv. indiensneming van mense met gestremdhede ✓, ongekwalifiseerde arbeiders✓ Verskaf vaardigheidsopleiding✓ en indiensopleiding✓

**Skep inkomste✓** Inkomstesubsidies help om lewensstandaard te verbeter,✓✓ Bv. ouderdomspensioen,✓ Werkloosheidsversekering✓✓

Verbeter onderwys en opleiding✓ Opleidingssubsidies help met verbetering van geletterdheid,✓✓bv. skole ✓ en universiteite✓

**ADDISIONELE GEDEELTE**
- Uitvoerders het subsidies nodig om handelsbalansprobleme op te los✓✓
- Werkgewers: verlaag insetkoste✓✓
- Bejaardes: handhaaf lewensstandaard✓✓
- Kindertoelaag: handhaaf lewensstandaard✓✓
- Werklose persone: Minimum vlak van lewensstandaard✓✓
  (Aanvaar enige relevante antwoord.)

**SLOT**

Subsidies verlaag insetkoste en verhoog aanbod van goedere en dienste wat lei tot laer pryse✓✓

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 100**